



TJOKKIE- brokkies!



NUUSBRIEF 1/1/2018

18 Januarie 2018

Baie welkom aan alle nuwe leerders en hulle ouers in Tjokkieland!

U kind sal vroeg volgende week die volgende ontvang:

- Huiswerkboekie. Gaan asb die belangrike inligting wat hierin vervat word met u kind deur en leer hom/haar hoe om die boekie nuttig aan te wend. Ons vind dat heelwat kinders dit nie vir die afskrif van huiswerk gebruik nie, wat dan 'n vermorsing is.
- **Let veral op die skoolreëls wat u moet onderteken as bewys van ontvangs en die erekode wat hy/sy moet teken. (Dit is 'n bepaling van die SA Skolewet)**
- Jaarbeplanning (Almanak). Personeelinligting verskyn agter. Neem kennis van alle toepaslike aktiwiteite en skakel daarby in. (Ook op webblad)
- Buitemuurse-rooster. Bestudeer en moedig u kind aan om aan ten minste twee aktiwiteite per jaar deel te neem. (Ook op webblad)
- Skoolgeldbrief en debietordervorms vir Graad 1 ouers is reeds gesirkuleer. Slegs nuwe leerlinge in ander grade ontvang dit vandag. Die res vd leerlinge het die skoolgeldbrief verlede jaar saam met die rapporte ontvang. (Ook op die webblad beskikbaar.)
- Pamflette van privaat instansies wat ons gedurende die jaar aan u stuur is vir kennisname, sou u dalk belangstel. Dit beteken egter nie dat ons dit goedkeur of promoveer nie. U oordeel self en besluit self. Waak daarteen om u kind aan te veel aktiwiteite te laat deelneem. Onthou hulle is kinders en moet tyd hê om sommer net te speel.

NB. *Die Beheerliggaam doen 'n vriendelike beroep op alle ouers om die debietorderopsie te oorweeg. Behalwe dat dit vir u goedkoper is (R840 pm oor elf maande ipv R920 pm) vergemaklik dit die skool se administrasie en help dit dat ons skoolgeld stiptelik ontvang en ons verpligtinge betyds kan nakom. Ouers wat eenmalig voor 2 Maart betaal kry ook korting en betaal dus R9 240 pj.*

Skoolrol:

Ons leerdertal staan op 866 en die Kleuterskool op 130 wat beteken ons het 1000 leerlinge.

Interessante statistiek:

1. Die verhouding onderwyser tot leerders in die skool is 1:30. Hierdie gunstige verhouding is te danke aan die feit dat ons 10 Beheerliggaamposte het. Sonder hulle sal die verhouding 1:44 wees, aangesien die departement net 25 onderwysers aan die skool toeken.
2. Ons het 397 seuns en 469 dogters in die skool.

Personeelsake:

1. Bevorderingsposte:
Mnr Louwrens Venter (Departementshoof) wat einde 2017 met pensioen uit diens sou tree het ingewillig om ons uit te help to 31 Junie, aangesien die Departement versuim het om 'n vakaturelys vir bevorderingsposte te publiseer. Hopelik gebeur dit die jaar en kan ons sy pos vul.
2. Nuwe personeel
 - Gr 7 Engels en Kuns & kultuur -- Me Dorette Smith is aangestel in die plek van me Zilke Mahabeer wat besluit het om verder te studeer en haar self te bekwaam as 'n dominee.

- Me Charlene van Loggerenberg is tydelik departementeel aanbeveel in die plek van me K v Aardt wat medies ongeskik verklaar is.

E-pos kommunikasie:

Behalwe die eerste week van elke kwartaal, wanneer die nuusbrieff op Vrydae verskyn, word die nuusbrieff op Donderdae per epos aan u gestuur. Ouers moet dus asb die kantoor laat weet indien u eposadres verander het. Indien u nie die brieff ontvang nie, moet u dit ook met die kantoor opneem. Ouers wat nie oor epos fasiliteite beskik nie se kinders sal 'n hardekopie ontvang. Hierdie week ontvang u dit egter nog as 'n hardekopie omdat al die groepe nog nie geregistreer is nie. Die nuusbrieff sal wel op die webblad geplaas word. Ons adres is www.tjokkies.co.za

Ouerdatavorm:

Ter wille van ons databasis is dit uiters belangrik dat u hierdie vorm voltooi en nie later as Maandag, 29 Januarie na u klasonderwyser terugstuur.

Middagstudie:

Elke middagstudieleerling gaan teen Maandag 'n toelatingsvorm ontvang wat u asb. moet voltooi en voor Vrydag, 26 Januarie na die middagstudiejuffrou moet terugstuur.

Middagstudiegelde beloop R750 per kwartaal. Hierdie gelde is kwartaalliks vooruitbetaalbaar en moet voor 5 Februarie betaal wees. U kan reël dat dit saam met u skoolgeld oor elf maande per debietorder betaal word (R270 per maand). U kan dit ook eenmalig per jaar betaal (R3 000). Vir alle gelde wat u per bankdeposito of internet betaal moet u asb. u kind se kode gebruik. (Verkrygbaar by die finansiële kantoor). 'n Middagstudie ouervergadering word op Maandag, 29 Januarie om 17:30 in die ouditorium gehou. Alle ouers word uitgenooi, maar veral nuwe ouers moet dit asb bywoon.

Skoolgeld:

U word versoek om die skrywe in verband met skoolgeld wat verlede jaar saam met die rapporte gesirkuleer of per epos gestuur is, opnuut te bestudeer.

Die volgende word weer beklemtoon:

1. Die skoolgeld vir 2018 beloop R10 120 per leerder per jaar en is betaalbaar nie later as 7 Februarie nie. As 'n vergunning kan u die skoolgeld as volg betaal:
 - Een paaiement van R9 240 voor 1 Maart 2018 (**R880 korting**)
 - Elf paaiemente van R840 per maand, indien u per debietorder betaal. (7 Febr. - 7 Des.)
 - Indien u op 'n ander wyse betaal, beloop skoolgeld R920 per maand oor elf maande.
 - Ouers wat bestaande debietorders het hoef nie 'n nuwe in te vul nie, aangesien dit outomaties aangepas word.
 - Die verwysingnr vir u kind se skoolgeld kry u by me D Vermaak, finansiële beampte. Skakel haar by 051 5221371. Dis belangrik dat u die nommer gebruik.
 - **LET AS DAAROP DAT SKOOLGELD OOR 11 MAANDE (FEBRUARIE TOT DESEMBER) GEHEF WORD.**
 - **Let ook daarop daar skoolrekenings slegs aan ouers wat uitstaande is ge-epos word. Ingeval waar daar nie 'n eposadres is nie word dit per hand aan u kind gegee.**
2. Omdat die begroting en skoolgeld deur al die ouers wat die vergadering bygewoon het, goedgekeur is, is skoolgeld regtens afdwingbaar en kan die Beheerliggaam, wat 'n regs persoon is, u laat aanskrif vir uitstaande skoolgelde. Ooreenkomstig die SA Skolewet, is beide ouers aanspreeklik vir skoolgeld ongeag u huwelikstatus.
3. Ouers wat nie skoolgeld kan betaal nie en dink hulle kwalifiseer vir korting of kwyt skelding, moet asseblief vir me B du Plessis (sekr) kontak om die nodige aansoekvorm te kry. Hierdie aansoeke sluit op 8 Februarie. Dit is belangrik om daarop te let dat beide ouers se

gesamentlike inkomste in berekening gebring word, ongeag u huwelikstatus en dat beide ouers ongeag u huwelikstatus vir skoolgelde aanspreeklik is. Korting word ook volgens die voorgeskrewe norm (skaal), soos bepaal deur die regulasies van die SA Skolewet, toegestaan. **Ouers moet ook elke jaar nuut aansoek doen.** U aansoek word vertroulik hanteer en u word skriftelik van die Beheerliggaam se besluit verwittig.

Graadvergaderings -- 22 - 24 Januarie. (Bestudeer die Skoolkalender)

Die vergadering vir beide ouers begin om 18:00 en u teenwoordigheid sal opreg waardeer word. Tydens die geleentheid sal die klasonderwyser met u gesels oor die kurrikulum en ander belangrike aspekte. Die ouerkomitee lede vir elke graad word ook verkies. Ruim kans vir vrae word ook gebied.

Ken-mekaar-braai

Alle ouers word uitgenooi na 'n lekker Tjokkie-tradisie op Donderdag, 18 Januarie om 18:30. Bring jou piekniekmandjie en drinkgoed. Tafels, stoele en vure word verskaf.

Tjokkie Gesinsdiens:

Hierdie diens is vir ons kosbaar en ons nooi alle ouers en leerders, ongeag u denominasie, uit na die diens by die Geloofsentrum Universitas in Strausstraat. (Langs die Muddplein Sportgronde). **Dit vind op Sondag, 28 Januarie, om 18:00 plaas.** Ons het dit juis na die aand geskuif omdat die oggenddiens nie almal pas nie. Dit is interkerklik en 'n Tjokkie-aangeleentheid. Die leerders moet asb in hulle skoolklere kom.

Verjaarsdae

7 Jan. Me Dorette Smith (Gr 7)

8 Jan. Mnr Ockie Fourie (Rekenaarsentrum)

17 Jan. Mev Hanlie Dippenaar (Musiek)

18 Jan. Mnr Jannie Oosthuizen (Gr 7)

Gelukwense:

Me Sariana v Vuuren wat in Desember 'n babaseun ryker geword het. Sy is tans met bevallingsverlof en me Aldu Mould los in haar plek af.

Musiek:

Ons musiekdepartement is geprivatiseer. Mev Hanlie Dippenaar, Maretha Steyn en Retha vd Merwe is tot u diens. Hulle volg steeds die geakkrediteerde kurrikulum. Behalwe klavier en blokfluit, word daar ook klawerbord en kitaar afgerig. Hulle sirkuleer ook saam met die musiekleerders 'n persoonlike skrywe wat onder andere die tariewe vir 2018 insluit asook 'n onderneming van betaling wat direk aan hulle gedoen word. **Die skool hanteer nie musiekgeld nie.**

Toelatings vir 2019:

Aansoek vir toelating by beide die grootskool en die kleuterskool open Donderdag, 1 Februarie. **LET ASB DAAROP DAT ONS VANAF 2018 WEGGEDOEN MET DIE GRAAD RR KLAS OM PLEK TE MAAK VIR DIE GROOT VRAAG NA GRAAD R LEERLINGE. ONS SAL DUS 4 GRAAD R KLASSE IN DIE TOEKOMS Hê.** Vorms is by die onderskeie kantore en op die webblad beskikbaar. Moet asb nie laat slaap nie. Tjokkies is baie gewild en somer gou vol. Sien punt 6 van ons toelatingsbeleid op die webblad.

Klerebank:

Ouers wat klere het wat in onbruik geraak het, en nog in 'n redelike toestand is, word versoek om dit vir ons klerebank te skenk, om te ruil of te pand. Hiermee help ons weer mekaar. Ons ure is Maandae, 7:30 tot 9:00 en Vrydae 12:30 tot 14:00. Mev Elizma Greyling, 'n ouer, bestuur die klerebank.

Sluitkassies:

In die meisiesbadkamer is 'n beperkte aantal sluitkassies beskikbaar. Die koste daaraan verbonde beloop R100 vir die jaar. 'n Eie slot moet voorsien word. Vanaf Maandag 22 Januarie kan die R100 by Me B du Plessis (sekr) betaal word - beskikbaar op 'n "first come first serve"-basis.

Atletiek:

Die graad 1 leerlinge neem vanjaar ook tydens die Kleure-atletiek deel. Hulle sal egter na afloop van hulle item per bus na die skool terugvervoer word. Die vinnigste 4 seuns en dogters sal daarna by die oefenprogram ingeskakel word. Dit is egter belangrik om daarop te let dat behalwe vir die Fichardtparkbyeenkoms neem hulle (0/7) nog nie kompetierend deel nie. Ons kry hulle gereed vir volgende jaar.

VAKATURE

Vakatures vir twee middagstudie toesighouers (klas- en buite-assistent) bestaan. Sluitingsdatum is Woensdag, 24 Januarie en diensaanvaarding is so gou moontlik.

Werksure: Ma - Vry 13:45 tot 17:15,

Verlof: Skoolvakansies. Handig 'n volledige CV in by die kantoor. Onderwysondervinding en of ervaring met kinders sal 'n sterk aanbeveling wees. Navrae: Skoolhoof by 051 5221371.

Kennisgewings:

19 Jan: Kleur-atletiek by Pelliespark (UV veld)

Leerderraadkamp (Reëlins is aan hulle deurgegee)

22 Jan: Buitemuurs begin voluit. Sien die ingeslote Buitemuurse rooster. Tennis, Voortrekkers, Biblioteek en Juniorkoor begin egter eers die week van 29 Januarie.

Gr 1, 4 & 6 Ouervergaderings om 18:00 in die klasse

23 Jan: Graad 2 & 3 Ouervergaderings. Die Gr 5 & 6 RO vergadering vind per afspraak plaas.

U ontvang vandag n skrywe in die verband.

24 Jan: Gr 5 & 7 en Ouervergaderings. Gr 2 - 4 RO vergaderings vind ook per afspraak plaas.

26 Jan: Media-assistente se spanbou by die skool van 15h00 tot 17h00.

ONS SKOOL SE WAARDES is Net my Beste, Geloof, Respek, Omgee en Verantwoordelikhied. Hieraan word deurlopend bewuslik en onbewuslik aandag gegee. Dit is vir ons belangrik dat elke Tjokkie net sy beste, op alle terreine waaraan hy deelneem doen, en dat wen te alle koste nie deel van ons verwysingraamwerk is nie.

'n Sprankelende 2018 word u toegewens en mag u lekker leef!!!